WES-KAAP PLUIMVEEKLUB
POSBUS 150
VILLIERSDORP 6848

Voorsitter/Chairman:
Tel : 028 841 4936

Sel/Cell : 082 461 1967
apl446@gmail.com

WESTERN CAPE POULTRY CLUB
P.O. BOX 150
VILLIERSDORP 6848

Sekretaresse/Secretary:
Tel : 028 840 2328
Faks/Fax : 086 528 8366
Sel/Cell : 082 468 8826
naomidt@breede.co.za

13 Julie 2011

Geagte Vertoner,

LANDBOU SKOUE - SEPTEMBER & OKTOBER 2011

Die onderskeie Besture van Swartland Landbouskou, Agri Megaweek Bredasdorp, Tulbagh Landbouskou en Robertson Lenteskou het die Klub genader om die Pluimvee-afdeling tydens hulle jaarlikse skoue te organiseer en hiermee wens ons u vriendelik uit te nooi om vir hierdie skoue in te skryf en hulle te ondersteun.

1. Die skouprogramme, met volledige besonderhede van elke skou, is aangeheg vir u verdere aandag
2. Die sluitingsdatums moet asseblief stiptelik nagekom word, aangesien **geen laat inskrywings en geen inskrywings sonder bewys van betaling sal aanvaar word nie .**
3. Alle inskrywings moet betyds aan die Sekretaresse, Wes-Kaap Pluimveeklub, Posbus 150, VILLIERSDORP 6848 gestuur word, gefaks word na 086 528 8366 of per e-pos gestuur word na naomidt@breede.co.za.
4. **Inskrywingsgeld** moet in die volgende rekening inbetaal word:
   WES-KAAP PLUIMVEEKLUB; ABSA VILLIERSDORP; REK NR. 9100438376; TAKKODE 331246
   U inbetalingstrokie moet asseblief u inskrywings vergesel !!!
5. Al die skoue sal ooreenkomstig SASPO reëls geskied en alle inskrywings moet gedoen word volgens die **2011 SASPO skouskedule**. Indien u enige probleme ondervind, is u welkom om vir Naomi du Toit (klubsekretaresse) te kontak - 028 840 2328 of 082 468 8826.
6. **Geen verandering aan inskrywings sal na die sluitingsdatum aanvaar word** nie en slegs inskrywings op die **amptelike inskrywingsvorms** sal aanvaar en verwerk word.
7. Rosette en/of Kontantpryse, sal na oordeel van die onderskeie Skouverenigings toegeken en/of betaal word.
8. Pluimvee sal vir die duur van die skou onder toesig van die betrokke Skouverenigings wees en sal daagliks van kos en water voorsien word.
9. SASPO skoureëls en regulasies sal vir die duur van die skou van toepassing wees en moet te alle tye deur alle vertoners en besoekers nagekom word,
10. Die beoordelaars sal, na ontvangs van die inskrywings, finaliseer word.
11. Vertonerskaartjies sal voorsien word.
12. Neem asseblief kennis dat, indien u vir enige van die skoue inskryf en u, om een of ander rede nie kan skou nie, u verantwoordelik sal wees om die volle inskrywingsfooi te betaal.

In die verlede is die Pluimvee-afdeling by al hierdie skoue goed ondersteun en die getalle het jaarliks toegeneem. Ons doen ‘n beroep op u om weer u pluimvee in te skryf sodoende ons stokperdjie en die Klub bekend te stel aan die breër publiek en ook ter bevordering van landbou in die algemeen.

Pluimveegroete,

Albert Lingenfelder
Voorsitter

SKOUPROGRAMME

SWARTLANDSKOU MOORREESBURG - 07 - 10 SEPTEMBER 2011

1. Inskrywingsgeld - R10-00 + R1-00 SASPO heffing, per inskrywing

2. **SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS - WOENSDAG, 31 AUGUSTUS 2011 OM 17H00**

3. Pluimvee kan gehok word op Woensdag 07 September 2011, vanaf 14H00 tot 19H00 en Donderdag 08 September 2011 vanaf 08H00 tot 09H30.

4. Beoordeling vind plaas vanaf 10H00 Donderdag 08 September 2011.

5. Pluimvee sal op Saterdag 10 September 2011 vanaf **15H00** onder toesig, verwyder word.

NB In opdrag van die Skoubestuur, mag geen inskrywings **voor** 15H00, op Saterdag 10 September 2011, uit die saal verwyder word nie. Vertoners word vriendelik versoek om asseblief aan hierdie versoek te voldoen.

U toegangspakket sal by die CMW hek beskikbaar wees en u kan dan reg agter die pluimveesaal gaan parkeer.

AGRI MEGAWEEK BREDASDORP - 14 - 16 SEPTEMBER 2011

1. Inskrywingsgeld - R10-00 + R1-00 SASPO heffing, per inskrywing

2. **SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS - VRYDAG, 02 SEPTEMBER 2011 OM 17HOO.**

3. Pluimvee kan gehok word op Dinsdag 13 September 2011, vanaf 14H00 tot 19H00 en Woensdag 14 September 2011 vanaf 08H00 tot 09H30.

4. Beoordeling vind plaas vanaf 10H00 op Woensdag 14 September 2011.

5. Pluimvee sal op Vrydag 16 September 2011 vanaf **18H00** tot 20H00 en Saterdag 17 September 2011 vanaf 08H00 tot 10H00, onder toesig, verwyder word.

NB In opdrag van die Skoubestuur, mag geen inskrywings voor 18H00, op Vrydag 16 September 2011, uit die saal verwyder word nie. Vertoners word vriendelik versoek om asseblief aan hierdie versoek te voldoen.

TULBAGH LANDBOUSKOU - 28 SEPTEMBER - 01 OKTOBER 2011

1. Inskrywingsgeld - R10-00 + R1-00 SASPO heffing, per inskrywing.

2. **SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS - VRYDAG 16 SEPTEMBER 2011 OM 17HOO.**

3. Pluimvee kan gehok word op Woensdag 28 September 2011, vanaf 14H00 tot 18H00 en vanaf 07H30 tot 08H30 op Donderdag 29 September 2011.

4. Beoordeling vind plaas om 09H00 op Donderdag 29 September 2011.

5. Pluimvee sal op Saterdag 01 Oktober 2011 vanaf 15H00, onder toesig, verwyder word.

WES-KAAP PLUIMVEEKLUB

SWARTLANDSKOU MOORREESBURG
07 - 10 SEPTEMBER 2011

Vertoner: .....

Adres: .....

.....

Tel. Nr: ..... SASPO Nr: .....

Voertuig Registrasienommer:..... E-Posadres .....

SLUITINGSDATUM - INSKRYWINGS: 31 AUGUSTUS 2011 OM 17H00

Inskrywingsgeld: R 10-00 per inskrywing, **PLUS**
R 1-00 SASPO Heffing

Aantal inskrywings	.....	x	R11-00 per Inskrywing	R.....
Katalogus	.....	x	R10-00	R.....
TOTAAL VERSKULDIG				**R.....**

Gebruik asseblief SASPO 2011 Standaard Skedule

NO	SASPO 2011 KODES / CODES			RAS BREED	KLEUR COLOUR	GESLAG SEX
	RAS BREED	KLEUR COLOUR	GESLAG SEX			
1						
2						
3						
4						
5						
6						
7						
8						
9						
10						
11						
12						
13						
14						
15						